

ALGEMEEN

1. Sekere kandidate het weer eens nie die instruksies voor in die vraestel uitgevoer nie. Onderwysers moet kopieë van hierdie instruksies reeds aan die begin van die jaar maak en tot die beskikking van al die leerders in hul klasse stel. Alle vraestelle moet ook in ooreenstemming met hierdie instruksies opgestel word.
2. Baie kandidate het nie die nuutste statistieke in hul antwoorde gebruik nie. Onderwysers moet die nuutste publikasies bestudeer en hulself en hul klasse op hoogte hou van die nuutste statistiek en veranderinge in die vakgebied.
3. ABET- sentrums dek nie die hele sillabus van die vakgebied behoorlik nie. Dit is duidelik dat sekere dele of selfs hoofstukke in die geheel uitgelaat of baie swak behandel word.
4. Die meeste ABET en sommige voltydse studente het weer eens nie die vereiste aantal voorgeskrewe vrae in die verskillende afdelings beantwoord nie. Indien kandidate te veel vrae beantwoord het, is daardie vrae nie gemerk nie.
5. Opstelvrae in afdeling C MOET oor 'n INLEIDING, INHOUD en SLOT beskik. Dit is uiters belangrik dat onderwysers hierdie inligting WEL oordra aan hul leerders.

AFDELING A**VRAAG 1**

Die meeste kandidate het goed in hierdie vraag gevaar. Die slaagsyfer was tussen 50 tot 60%. Die afwesigheid van 'n antwoordblad het veroorsaak dat sommige kandidate vrae uitgelos het. Dit word aanbeveel dat kandidate hierdie vraag in die toekoms baie versigtig sal benader en lyne tussen die verskillende onderafdelings oop laat.

AFDELING B**VRAAG 2**

Die onderafdelings 2.2.1-2.1.3 en 2.3 is baie swak beantwoord. Kandidate moet gedurende die jaar blootgestel word aan hierdie manier van vraagstelling.

VRAAG 3

3.2 is baie swak beantwoord. Dit is duidelik dat kandidate dit moeilik vind om afleidings vanaf grafieke te maak.

3.3 is ook baie swak beantwoord. Sommige kandidate het die vraagfaktore met die aanbodfaktore verwar. Dit was ook duidelik dat kandidate nie korrekte toepaslike voorbeelde kon gebruik in hul besprekings nie.

VRAAG 4

Hierdie vraag is deur die meeste kandidate bevredigend beantwoord.

VRAAG 5

5.2 is baie swak deur die meeste kandidate beantwoord. Onderwysers moet die nuutste syfers en inligting soos verskaf deur die SARB gebruik in hul onderrig. Kandidate moet in staat wees om berekenings met hierdie statistieke te maak asook om tot die nodige afleidings en gevolgtrekkings te kom.

5.3 is deur die meeste kandidate baie swak beantwoord. Dit is duidelik dat die meeste sentrums nie hierdie afdeling behandel of genoegsaam behandel het nie.

VRAAG 6**6.3**

Hierdie vraag is deur die meeste kandidate baie swak beantwoord. Die klem van die vraag het gehandel oor die doelwitte van die staat se ekonomiese beleid. Die meeste kandidate het egter die metodes bespreek.

VRAAG 7

7.1 Dit was duidelik dat baie sentrums nie op hoogte is met die nuwe arbeidswetgewing, begrippe of veranderinge nie. Onderwysers moet seker maak dat hulle die nuutste inligting oor hierdie onderwerp het. Kontak u vakadviseurs indien u die nuutste inligting verlang.

- 7.1.3 is baie swak beantwoord. Die meeste kandidate het die funksies van vakkonde hier bespreek. Onderwysers moet seker maak dat leerders die verskil in funksie tussen die bedingingsrade en vakkonde ken en verstaan.
- 7.2 Alhoewel baie kandidate hierdie afdeling beantwoord het, het hulle baie swak gevaar. Die meeste kandidate kon nie die berekenings insake produktiwiteit doen nie.
- 7.3 Die meeste kandidate kon nie die vraag oor koste druk inflasie beantwoord nie.
- 7.4 Hierdie vraag is baie goed beantwoord. 7.4.3 was egter deur die meeste kandidate verkeerd vertolk deurdat hulle ook na die Sekondêre sektor verwys het. Die vraag het net oor die Primêre sektor gehandel.

AFDELING C

VRAAG 8

Hierdie vraag is deur die meeste kandidate beantwoord.

VRAAG 9

Alhoewel die meeste kandidate hierdie vraag beantwoord het, het hulle swak gevaar omdat die meeste verwys het na die vorms of tipes van pryselastisiteit en NIE na die faktore wat dit beïnvloed – soos gevra – nie.

VRAAG 10

Die meeste kandidate het hierdie vraag beantwoord. Dit het weer eens duidelik geblyk dat kandidate nie oor die vermoë beskik om die nuutste statistiek of toepaslike voorbeelde te gebruik nie. Onderwysers moet seker maak dat hulle op datums is met die jongste nuus wanneer die deel behandel word.

VRAAG 11

Die meeste kandidate het baie goed in hierdie vraag gevaar.